# Die Lantern

Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult

Jaargang 4 #23 — 2 Augustus 2015


## 09:30 Oggenddiens

**Ds Fanie Coetzee**

**Tema:** Genadegeloof oor grense heen

Sing: Ps 148-2:1,2,3,4
Sing: Ps 148-2:8,9 (Kinderbegeleiding)
Sing: Ps 19-2:1,5
**Skriflesing:** Josua 2 en 6:22-25, Hebreërs 11:29-31 **Teks:** Hebreërs 11:31
(Preekbegeleiding)
Sing: Ps 67-2:1,2,3
Sing: Ps 111-2:1,2,3,4
Amen: Sb 13-1

## 11:30 International Service

**Dr Raymond Potgieter**

**Theme:** Invitation to the rival banquets of Wisdom and Folly
**Scripture reading:** Proverbs 9 **Key verse:** Proverbs 9:10

## 18:00 Aanddiens

**Ds Willem Steyn**

**Tema:** Breek met die oue deur vas te gryp aan die nuwe

Sing: Ps 111-2:1-4
Sing: Ps 90-2: 1,4
**Skriflesing:** Kolossense 3:1-11 **Teks:** Kolossense 3: 9b-10
Sing: Ps 25-1: 2,4
Sing: Lied 308:1-4
Sing: Sb 14-1:1-3 Sing: Ps 33-2: 5,6,7
Amen: Sb 13-3

| **Ouderlinge en Diaken aan diens** | Ouderlinge: | Diaken: |
|---|---|---|
| | Gerrit Pienaar & Braam Pieterse | Susan Conradie |

# FOKUSTYD 2015

**Ek kniel voor ons God (Ef 3:14-21)**
*'n Gebed om groter bewustheid en belewing van ons identiteit in God*

Vanaf Sondag 16 Augustus tot Sondag 20 September vind ons jaarlikse Fokustyd plaas.

Getrek deur die beweging in die GKSA wat as die Kerkgroeistrategie (Voorheen Omkeerstrategie) bekend staan is daar besluit om die jaar op persoonlike groei in ons verhouding met God te fokus. Voordat verandering nie by elkeen van ons plaasvind nie, sal daar ook nie verandering in die kerk plaasvind nie. Dit begin weer waar elkeen van ons voor die Here in gebed kniel.

Daarom gaan ons DV aan die hand van die gebed van Paulus in Efesiërs 3 op groter bewustheid en belewing van ons identiteit in God fokus.

Dink solank daaraan om by 'n kleingroep in te skakel of een te begin – al is dit net vir die vyf geleenthede. Skakel met die kerkkantoor of die predikante vir meer inligting.

## Gemeente-ete 16 Augustus

Om die Fokustyd behoorlik af te skop gaan ons as gemeente Sondag 16 Augustus lekker saam eet en kuier! Skyf asb jou naam op die lys in die portaal indien jy die ete gaan bywoon. Bring asb u eie eetgerei en drinkgoed.




## Meelewing

Oom **Pierrie Venter** het in die Here ontslaap. Ons dank die Here vir sy lewe en bid dat Hy vir tannie **Hettie** (018-294-3679) en hulle gesin steeds sal vertroos.

**Jos Coetzee** (083-646-9040) is baie siek en is vir groot dele van die dag bedlêend. Ondanks dit gaan daar 'n groot geloofsgetuienis van hulle uit. Omdat besoeke vir hom uitputtend is, respekteer ons hulle privaatheid. Ons bid egter vir hom, **Tina** en die hulle gesin in die tyd.

Ons is saam met Daniël Maritz (082-371-2040) en Ansie Kriel bly oor hulle verlowing. Mag die Here julle seën in hierdie nuwe seisoen van julle lewe.

Ons dink steeds aan **Rina de Beer** (083-277-6996) wat herstel na haar operasie.

Ons dink aan **Willem Dupper** (071-419-4692) wie se oom, Jan de Beer onlangs oorlede is.

Ons dink in die tyd met dankbaarheid terug aan die lewe van **TT Cloete**, wat in die Here ontslaap het. Die digter van Potchefstroom het 'n groot invloed op baie van ons lewens gehad en via sy digkuns en veral omdigtings van die Psalms sal sy nalatenskap deel van ons bly. Ons dank die Here vir die begaafde digter se lewe.

## Liefdegawes by die deure

**2 Augustus**
Oggend: Bediening van Koos Hagg
Aand: Meelewingsfonds
**9 Augustus**
Oggend: Deputate Jeugsorg
Aand: Meelewingsfonds
**16 Augustus**
Oggend: Teologiese Studentekas
Aand: Meelewingsfonds

*Liefdegawes tydens die diens word vir die Liefdesdiens van die diakens gebruik.*

# Verjaarsdae

***Vandag, 2 Augustus***
Jacob van Rensburg 082-409-4659
Lucas Venter 082-684-9087

***Maandag, 3 Augustus***
Andre Joubert 083-267-9657

***Dinsdag, 4 Augustus***
Anél du Plessis 083-310-1828
Ella Erasmus 018-297-4119
Mukesh Kumar 084-630-1604
Christiaan Reinecke 072-930-9720
Janco Smit (1) 082-824-6955
Lowisa Smit 084-583-4327
Charles Williams 079-167-5567

***Woensdag, 5 Augustus***
Stefan Linde 072-811-1665

***Donderdag, 6 Augustus***
Heinie Venter 082-465-5564

***Vrydag, 7 Augustus***
Rin-Marie Coetzee (19) 083-625-2009
Marlize le Roux (17) 079-428-0193
Herrie van Rooy 083-700-3933

***Saterdag, 8 Augustus***
Willem Steyn (4) 018-294-3934

# Welkom hier!

**Wilbert Chipenyu**
**061-661-8698**

**Tom, Hester, Thomas & Casper Dreyer**
**082-800-2229**

**Carla Pretorius**
**083-704-3695**



# Resepteboek

**Deel met ons jou trefferresep!**

Ons het al heelwat heerlike resepte ontvang, maar omdat hierdie 'n projek VIR die gemeente DEUR die gemeente is, sal dit goed wees as diegene wat nog nie 'n bydrae gemaak het nie daardie familiegunsteling saam met 'n agtergrondstorie neerpen en vir ons aanstuur.
Hoewel einde Junie as spertyd gestel is, sal ons geen resep afwys wat tot einde Augustus ingedien word nie. Maak jy die beste bobotie, groentesop of sjokoladekoek in die buurt? Deel dit met ons! Is jy 'n student wat met 'n klein begroting die heerlikste geregte opdis wat jou vriende se monde laat water? Deel dit met ons! Het jy 'n geheime dis wat selfs jou driejarige vir 'n tweede porsie laat vra? Deel dit met ons! Op hierdie manier leer ons dalk meer van ons medelidmate en kuier ons op 'n gereelde basis in mekaar se huise via 'n heerlike gereg.
E-pos dit na mercia.venter72@gmail.com of eunicestoltz@gmail.com of gee vir ons 'n kopie by die kerk. Jy is ook welkom om dit by die kerkkantoor af te gee. Vir meer inligting of om die resep en storie sommer mondelings met ons te deel, kontak Mercia Venter: 083-468-2075 of Eunice Stoltz: 083-595-8981. Enige resep is welkom!

# Teeskinkbeurte

**<u>2 Augustus</u>**
**KG 20 (Wiida Bisschoff - 0827765295)**
**KG 21 (Gareth van Dyk - 0834080082)**
**Wyk 25 (Drienie Reinecke - 0724281274)**

**<u>9 Augustus</u>**
**Wyk 26 (Maritha de Jager - 0824649800)**
**Wyk 27 (Marina Grobler - 0832337756)**

**<u>16 Augustus</u>**
**Wyk 28 (Retha van Wyk - 0839671511)**
**Wyk 30 (Jacoba van Rooy - 0835078567)**

Baie dankie!

# Baie dankie

Baie dankie vir die pragtige ruiker wat ek van die gemeente ontvang het. Blomme was nog atyd een van die groot vreugdes in my lewe, daarom waardeer ek dit soveel te meer. Ek besef nou opnuut hoeveel die blomruiker vir iemand beteken, en hoop die blomme diensgroep sal nog vir jare vreugde in lewens bring. *Ina Kruger*

# Tyd vir Tee!

Jy word vriendelik uitgenooi na die "Tyd vir Tee!"-kuieraand met sang, musiek en heerlike verversings. Die Susters van Oos reël hierdie om ander medegelowige broers en susters beter te leer ken.
Datum: Dinsdag, 11 Augustus 2015
Tyd: 18:30
Plek: GK Potchefstroom Oos
Toegang: Gratis
Skryf asb jou naam op die lysie in die Molenstraat-portaal, of laat weet die kerkkantoor teen Dinsdagoggend 09:00.

# – KATKISASIE – OUERS EN KINDERS

Van tyd tot tyd nooi ons die ouers van ons kinders om saam met die kinders katkisasie by te woon. Vanoggend praat ons oor die teenwoordigheid van die Here by die mens dwarsdeur sy Openbaringsgeskiedenis heen. Die grootste belofte van God aan ons en ons kinders is immers dat Hy by ons sal wees en dat niks ons van sy liefde kan skei nie. Almal is welkom om die geleentheid – direk na die erediens – by te woon.




## INTERDOPPERKAMP *Eenheid*

Senior Studente en Jong Werkendes welkom
28 - 30 Augustus • Nooitgedacht • R320
Navrae: Koos Henning 079 913 6466 of jubilacachet@gmail.com



# Kuierkombuis kry 'n nuwe baadjie!

## Ons lewer 'n diens!

Ons gemeente bedryf jaarliks Die Kuierkombuis tydens Aardklop! Die Kuierkombuis se wins is in die verlede nog altyd uitbetaal aan individue/instansies wat 'n finansiële hupstoot benodig, dus was die mikpunt om soveel geld moontlik met die projek in te samel. Die wete dat ons hard werk om ander finansieel te help is juis die fondament wat die sukses van die Kuierkombuis verseker het.
Die Kuierkombuiskomitee het egter begin om die projek te herevalueer en herbesin oor ons as gemeente se roeping t.o.v. Die Kuierkombuis.
Ons het besluit dat ons ons fokus moet verskuif vanaf 'n winsmotief na dienslewering aan ons gemeenskap en Aardklopbesoekers. Dienslewering kan ook voor-en na Aardklop plaasvind.
Ons beoog om steeds ontbyte te bedien en 'n teetuin te bedryf maar ons wil aan 'n buite-instansie die geleentheid gee om bekostigbare ligte etes te verkoop vir hul eie inkomste.
Ons praat ook oor 'n moontlike G5 Aardklop uitreik waartydens ons 'n stukkie van Aardklop ook met ouetehuise en versorgingseenhede in ons omgewing kan deel.
Ons wil graag ons gemeenteroeping tydens Aardklop uitleef om deel te wees van die Here se bediening IN, OP en OOR die Bult.
Ons moet die "Kuier" terugsit in "Kuierkombuis" en daarom nooi ons die gemeente en kleingroepe uit om op die stoep te kom saamkuier tydens Aardklop!
Ons sal volgende week 'n bietjie meer inligting gee oor die Kuierkombuis se nuwe "diensmotief"-baadjie!

# Hoërskool aksie

Ons nooi al ons Hoërskool kinders om Vrydag 14 Augustus om 14:00 saam met ons te kom klei-duiwe skiet. Ons gaan daarna saam braai en fliek by die G5 Koffiekamer. Die uitstappie kos R50/persoon. Skryf sommer vandag nog jou naam op – onthou julle vriende is altyd welkom! Kontak gerus vir Rina Muller of Willem Steyn vir meer inligiting.

# KAMP IN DIE WILDTUIN

Daar is DV volgende jaar, vanaf 22 tot 27 April weer 'n kampgeleentheid saam met lidmate in Krugerwildtuin.
Ons kon 'n groepsbespreking by die Balule-satellietkamp naby Olifants maak.
Daar is nog twee kampplekke beskikbaar en belangstellendes kan met Braam de Villiers skakel om te bespreek

## *Wat dink jy van die Direkte Vertaling?*

Die proefvertaling van die Nuwe Testament (Direkte Vertaling) is nou al 'n rukkie beskikbaar. Wat dink jy daarvan? Stuur kommentaar teen Maandag 24 Augustus aan die Deputate Direkte Vertaling Afrikaans of dr Jan Lion-Cachet (083-395-7341 / janlc@koshcom.co.za).

# Borg-'n-Bybel

Ons het elke jaar 'n Borg-'n-Bybel projek wat in die derde kwartaal plaasvind. Ons het laas jaar R24 229 ingesamel – amper 485 Bybels. Ons mik hierdie jaar vir 500!
'n Bybel kos R50, maar enige donasies is welkom – koeverte is by die deure beskikbaar. Hierdie donasies vervang die gewone Bybelverspreiding-kollektes wat gewoonlik gehou word.

# STUDENTE GAAN BASAAR

**15 AUGUSTUS 2015**

**09:00**

**GKSA SINODE SAAL**

(Op die hoek van Molenstraat en Meyerstraat)

GEREFORMEERDE KERK
**CACHET**
STUDENTEGEMEENTE

**Kom wys jou krag, trap fiets, speel speletjies en eet basaarkos soos in die ou dae**

www.facebook.com
../gkpotchbult
../gkpotchbultG5
../VenterskroonBediening
../GKBultProjekte
../BultInternationalChurch

# advertensies

Die diakonie is op soek na 'n mansfiets vir een van ons gemeentelede. Indien jy 'n fiets het wat nie gebruik word nie, skakel asb met die kerkkantoor of met Elsa 082 460 0939.

---

'n Teologiese student vra die volgende: Rekenaar, Selfoon, Mikrogolf, Fiets, Sakgeld, Pantoffels, Studeerlampie. Skakel met die kerkkantoor indien jy kan help.

---

Geselskapdame – Ons benodig 'n dame, verkieslik ouer as 50 jaar, om ons moeder te besoek en van hulp te wees vir twee dae 'n week (Maandae en Vrydae van 15:00 - 17:00). Eie vervoer, verkieslik 'n nie-roker. Vergoeding onderhandelbaar. Aansoek per e-pos aan Louis & Marie Bouwer: bouwerl@telkomsa.net

☐ Ek wil graag 'n lidmaat word
☐ Ek wil graag huisbesoek hê

Naam: ..........................................................

Telefoonnommer: ..........................................

Gooi in kollektesakkie / Gee in by kerkkantoor

## Kontak ons

**Kerkkantoor** 018-297-4843 (tel)
086-750-5339 (faks)
e-pos: gkbult@gmail.com
webblad: www.gkpotchbult.co.za

**Ds Fanie Coetzee**: 082-520-5168
fanie1coetzee@gmail.com
**Ds Willem Steyn**: 082-854-3587
steyn.willem@gmail.com

**Skriba:** Jaap Verhoef: 018-294-6502
**Orrelistes:** Jetty van Rensburg: 083-439-7379
Annatjie Verhoef: 072-391-2552
**Koster (Molen):** Piet van Maarleveld: 084-776-6113
**Koster (Gerrit Dekker):** Wilma Herbst: 082-965-7525
**Internasionale diens:** Ray Everson: 018-290-6782
**Katkisasie:** Braam Pieterse: 082-923-4881
**Kinderbegeleiding:** Marida van Eeden: 060-977-1124
**Preekbegeleiding:** Henriëtte vd Zwan: 082-859-2229
**Dataprojeksie:** Adelle Lotter: 083-286-3811
**Klank:** Stefan Linde: 072-811-1665
**Tolkdienste:** Kerkkantoor: 018-297-4843
**Preekopnames:** Kerkkantoor: 018-297-4843

**Diakonie:** Elsa Els: 082-460-0939
**Omgee-groep Seniors:** Ans Geertsema: 073-192-8976
**Sopkombuis:** Elsa Els: 082-460-0939
**Kosbank:** Kerkkantoor: 018-297-4843
**Susters:** Judie Coetzee: 082-619-4620
**Onthaalkomitee:** Retha van Wyk: 083-967-1511
**G5 Bediening:** Ds Willem Steyn: 082-854-3587
**Musiekbediening:** Hanlie Steyn: 083 654 8652
**Bedieningskommissie:** Jan Geertsema: 083-271-6570
**Eiendomskommissie:** Faan van Wyk: 082-551-7782
**Liturgiese Werkgroep:** Lou van Wyk: 084-520-1086
**Finansiële kommissie:** Carools Reinecke: 082-568-5652
**Kassier:** Paul Delicado: 082-574-2204

**Skakel gerus met Fransa by die kerkkantoor (Weeksdae van 08:00 - 13:00) vir:**
Algemene navrae, Lantern (saktyd Donderdae om 10:00), Preekopnames, Webbladnavrae, ens.

**Bankbesonderhede**
Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult
ABSA Tomstraattak 670-264-661 (Tjekrekening)
Verwysing: Van, voorletters, Wyk / KG